Access fun Grade 8–12 quizzes, matric past papers, K53 learner mock tests, and NBT prep!

All in one easy-to-use app.

DOWNLOAD GO STUDY NOW

Download on the App Store

GET IT ON Google Play

Tap on the buttons above to download the app

www.gostudy.club

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 11

NOVEMBER 2022

REKENINGKUNDE V1

PUNTE: **150**

TYD: **2 uur**

Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye, insluitend ’n formuleblad,en ’n 8 bladsy-antwoordeboek.

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies aandagtig deur en volg dit noukeurig.

1. Beantwoord AL die vrae.
2. ’n Spesiale ANTWOORDEBOEK word verskaf waarin jy AL die vrae moet beantwoord.
3. Toon AL die bewerkings om deelpunte te verdien.
4. Jy mag ’n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.
5. Jy mag ’n donker potlood of blou/swart ink gebruik om die vrae te beantwoord.
6. Toon ALLE bewerkings tot EEN desimale punt, waar van toepassing.
7. Indien jy dit verkies, mag jy die Formuleblad met Finansiële Aanwysers wat aan die einde van hierdie vraestel aangeheg is, gebruik. Die gebruik van hierdie formuleblad is NIE verpligtend NIE.
8. Skryf netjies en leesbaar.
9. Gebruik die inligting in die tabel hieronder as ’n riglyn wanneer jy die vraestel beantwoord. Probeer om NIE daarvan af te wyk NIE.

VRAAG	ONDERWERP	PUNTE	TYD (minute)
1	Rekeningkundige vergelyking, Vaste Bates	20	15
2	Begrippe, Staat van Omvattende Inkomste	45	35
3	Staat van Finansiële Posisie en Notas	55	45
4	Finansiële aanwysers en vertolking van finansiële inligting	30	25
TOTAAL		**150**	**120**

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

VRAAG 1: REKENINGKUNDIGE VERGELYKING, VASTE BATES

(20 punte, 15 minute)

1.1 REKENINGKUNDIGE VERGELYKING

Voltooi die tabel om die effek op die rekeningkundige vergelyking vir die volgende transaksies aan te dui.

LET WEL: Neem aan dat die banksaldo gunstig is en die deurlopende voorraadstelsel vir alle transaksies in gebruik is.

Voorbeeld: Reik 'n kwitansie uit vir huur ontvang.

TRANSAKSIES:

(a) Een van die vennote het 'n afleweringsvoertuig bygedra as deel van sy belegging in die vennootskap

(b) Kredietnota ontvang vir beskadigde toerusting teruggestuur

(c) Herstelwerk aan geboue is verkeerdelik in die Grond- en gebouerekening gedebiteer. Dit moet reggestel word (6)

1.2 LULU HANDELAARS

Die volgende inligting het betrekking op die finansiële jaar geëindig 30 Junie 2022.

GEVRA:

Bereken die ontbrekende syfers aangedui deur (i) tot (iv) op die vaste bate-nota. (14)

INLIGTING:

A. Vaste bate nota:

	Grond en geboue	Toerusting	Voertuie
Drawaarde op 1 Julie 2021	3 000 000	**(ii)**	800 000
Kosprys	3 000 000	420 000	1 080 000
Opgehoopte waardevermindering		(160 000)	(280 000)
Byvoegings teen kosprys	760 000	160 000	
Vervreemding teen drawaarde			**(iv)**
Waardevermindering vir die jaar		**(iii)**	
Drawaarde op 30 Junie 2022			
Kosprys	**(i)**	580 000	720 000
Opgehoopte waardevermindering			

B. Inligting uit die vaste bateregister:

- Waardevermindering op toerusting word bereken teen 10% p.j. op die verminderde saldo.
- Nuwe toerusting is op 1 Oktober 2021 aangekoop.
- Waardevermindering op voertuie word bereken teen 15% p.j. op die kosprys.
- 'n Afleweringsvoertuig is verkoop vir R112 000 kontant op 1 Maart 2022. Die kosprys is R360 000 en opgehoopte waardevermindering op 1 Julie 2021 het R216 000 beloop.

20

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

VRAAG 2: BEGRIPPE, STAAT VAN OMVATTENDE INKOMSTE

(45 punte, 35 minute)

2.1 BEGRIPPE

Pas die AARP-beginsels in KOLOM A by die voorbeelde in KOLOM B. Skryf slegs die letters (A–D) langs die vraagnommers (2.1.1 tot 2.1.4) in die ANTWOORDEBOEK neer.

KOLOM A	KOLOM B
2.1.1 Wesenlikheid	A Geboue word waardeer teen R2 500 000 maar word in die finansiële state as R550 000 aangedui.
2.1.2 Paring	B Rente uitgawe moet afsonderlik in die finansiële state aangetoon word.
2.1.3 Historiese koste	C 'n Debiteur wat R1 270 skuld, is as 'n oninbare skuld afgeskryf omdat hy nie opgespoor kan word nie.
2.1.4 Omsigtigheid	D Versekering, R 2 500, is vooruitbetaal. Hierdie bedrag word nie in die Staat van Omvattende Inkomste aangedui nie.

(4 x 1) (4)

2.2 AMADIBA HANDELAARS

GEVRA:

2.2.1 Voltooi die Staat van Omvattende Inkomste vir die jaar geëindig op 28 Februarie 2022. (37)

2.2.2 **Verwys na Inligting B (viii)**
Gee TWEE moontlike redes waarom huur inkomste verminder het. (4)

INLIGTING:

A. Uittreksel uit Voor-aansuiweringsproefbalans op 28 Februarie 2022:

Handelsvoorraad	R 284 000
Lening: ANW Bank	294 500
Debiteurekontrole	88 000
Voorsiening vir oninbare skulde (1 Maart 2021)	5 950
Verkope	1 770 400
Koste van verkope	**?**
Salarisse en lone	192 200
Versekering	107 730
Huur inkomste	69 700
Korting ontvang	4 600
Oninbare skulde	7 790
Advertensies	46 600
Telefoon	10 500
Waardevermindering	61 500
Rente op vaste deposito (balanseersyfer)	**?**

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

B. Aansuiwerings en addisionele inligting:

(i) Die onderneming gebruik 'n vaste winsopslag van 60% op die kosprys. Dit is oor die finansiële jaar behaal.

(ii) Op 28 Februarie 2022 is kredietverkope van R9 600 nie aangeteken nie.

(iii) Voorraadopname op 28 Februarie 2022 dui handelsvoorraad van R287 700 ophande.

(iv) 'n Verdere bedrag vir oninbare skulde, R1 400, moet afgeskryf word.

(v) Suiwer die voorsiening vir oninbare skulde aan tot 5% van uitstaande debiteure.

(vi) Die telefoonrekening vir Februarie 2022, R1 150, is nog nie betaal nie.

(vii) Versekering is vir een maand vooruit betaal. Die versekerings-premie styg met 10% p.j. vanaf 1 Januarie 2022.
Die polis is in plek vir die hele finansiële jaar.

(viii) Huur inkomste is ontvang vir die tydperk 1 Maart 2021 tot 31 Desember 2021. Let wel dat die huur verminder het met R200 per maand vanaf 1 Oktober 2021.

(ix) Die leningsstaat ontvang dui 'n sluitingsaldo van R312 000 aan. Rente gekapitaliseer is nog nie aangeteken nie.

(x) Die netto wins vir die jaar nadat al die aansuiwerings in berekening gebring is, beloop R346 840.

45

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

VRAAG 3: STAAT VAN FINANSIËLE POSISIE EN NOTAS

(55 punte, 45 minute)

BCM HANDELAARS

Die volgende inligting is geneem uit die boeke van BCM Handelaaars, vennote Bolt en Comma, vir die finansiële jaar geëindig 31 Desember 2021.

GEVRA:

Voltooi die volgende op 31 Desember 2021:

3.1 Handels- en ander ontvangbares nota (7)

3.2 Privaatrekening nota (16)

3.3 Staat van Finansiële Posisie (32)

INLIGTING:

A. Uittreksel uit die rekords op 31 Desember 2021.

Kapitaal: B. Bolt	R 600 000
Kapitaal: C. Comma	500 000
Privaatrekening B. Bolt (1 Januarie 2021)	146 500 (Kt)
Privaatrekening C. Comma (1 Januarie 2021)	33 000 (Kt)
Lening: Gqeberha Bank	662 000
Vaste bates (drawaarde)	948 700
Vaste deposito: Matatiel Bank	400 000
Bank (ongunstig)	31 500
Wisselgeld	8 000
Kleinkas	12 000
Krediteurekontrole	83 200
Opgelope uitgawes	5 400
Vooruitbetaalde uitgawe	3 900
Handelsvoorraad (balanseersyfer)	?
Debiteurekontrole	?
Voorsiening vir oninbare skulde	4 900
SAID (LBS)	?

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

B. Addisionele inligting wat in berekening gebring moet word:

(i) Netto handelsdebiteure het R372 600 beloop

(ii) Leningstaat van Gqeberha Bank.

Saldo aan die begin van die finansiële jaar	R692 000
Rente gekapitaliseer	20 000
Terugbetalings gedurende die jaar	?
Saldo aan die einde van die finansiële jaar	662 000

LET WEL: Terugbetaling vir die volgende finansiële jaar sal gelyk wees aan 1,5 keer die gedeelte wat oor hierdie finansiële jaar betaal is.

(iii) 'n Kwart van die vaste deposito verval op 30 Junie 2022.

(iv) Uittreksel: Salarisjoernaal vir Desember 2021:

Bruto salaris	Aftrekkings			Netto salaris
	Pensioen	LBS	Medies	
R52 000	3 900	?	4 000	31 100

LET WEL: Die nodige betalings is gemaak behalwe vir LBS.

(v) 'n EFO betaling, R12 500, is verkeerdelik aan Sandile Stores gemaak. Hulle is nie meer 'n krediteur nie en sal die geld gedurende Januarie 2022 terugbetaal.

C. Vennootskapsooreenkoms:

(i) Die vennote is geregtig op die volgende salarisse:
- B. Bolt: R50 000 per maand.
- C. Comma: R480 000 per jaar.

(ii) B. Bolt is geregtig op 'n bonus van 80% van sy maandelikse salaris.

(iii) Rente op kapitaal word bereken teen 12% p.j. op die kapitaalsaldo's.
LET WEL: C. Coma het op 1 Julie 2020 sy kapitaalbydrae met R100 000 verhoog.

(iv) Die oorblywende wins word gedeel tussen B. Bolt en C. Comma in die verhouding 3 : 2 onderskeidelik.

55

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

VRAAG 4: FINANSIËLE AANWYSERS EN VERTOLKING VAN FINANSIËLE INLIGTING (30 punte, 25 minute)

Die inligting het betrekking op EC Muller Handelaars, vennote Ezo en Collar, vir die finansiële tydperk wat op 28 Februarie 2022 geëindig het.

GEVRA:

4.1 Bereken die volgende:

4.1.1 Vuurproefverhouding (4)

4.1.2 Gemiddelde voorraadhou-periode (in dae) (5)

4.1.3 Persentasie opbrengs op gemiddelde vennotebelang (5)

4.2 Lewer kommentaar op die likiditeitsposisie van die onderneming. Haal aan en verduidelik DRIE finansiële aanwysers (met syfers) in jou verduideliking. (8)

4.3 Die vennote het besluit om die lening gedurende die finansiële jaar te verminder. Verduidelik hoe hierdie besluit die risiko van die onderneming beïnvloed het. Haal aan en verduidelik EEN finansiële aanwyser met syfers. (4)

4.4 Collar is tevrede met die % opbrengs wat hy in die vennootskap verdien. Verskaf TWEE redes. Haal finansiële aanwysers en syfers aan. (4)

INLIGTING:

A. Uittreksel uit die Staat van Omvattende Inkomste vir die jaar geëindig 28 Februarie 2022.

Verkope	R3 000 000
Koste van verkope	1 875 000
Netto wins vir die jaar	660 000

B. Uittreksel uit die Staat van Finansiële Posisie op 28 Februarie 2022.

	2022	2021
Bedryfsbates	**R 854 000**	**R1 213 000**
Voorraad	300 000	715 000
Handels- en ander ontvangbares	416 000	480 000
Kontant en kontantekwivalente	138 000	18 000
Vennotebelang	**2 002 800**	**1 488 000**
Kapitaalbydrae	1 875 000	1 500 000
Privaatrekeninge	127 800	(12 000)
Niebedryfslaste	**600 000**	**750 000**
Bedryfslaste	**588 000**	**672 000**

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

C. Finansiële aanwysers op 28 Februarie 2022

	2022	2021
Bedryfsverhouding	1,5 : 1	1,8 : 1
Vuurproefverhouding	?	0,7 : 1
Voorraadhou-periode	?	159 dae
Skuld-ekwiteitsverhouding	0,3 : 1	0,5 : 1
% opbrengs op gemiddelde vennotebelang	?	34%
% opbrengs op gemiddelde belang: Ezo	21%	30%
% opbrengs op gemiddelde belang: Collar	17%	14%

30

TOTAAL: 150

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

GRAAD 11 REKENINGKUNDE FORMULEBLAD MET FINANSIËLE AANWYSERS		
$\frac{\text{Brutowins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Brutowins}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Nettowins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Bedryfsuitgawes}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Bedryfswins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	
$\frac{\text{Totale verdienste per vennoot}}{\text{Gemiddelde eienaarsbelang van vennoot}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Nettowins}}{\text{Gemiddelde eienaarsbelang}} \times \frac{100}{1}$	
Bedryfsbates **:** Bedryfslaste	(Bedryfsbates – Voorraad) **:** Bedryfslaste	
(Handel en ander ontvangbares + Kontant en kontantekwivalente) **:** Bedryfslaste		
$\frac{\text{Gemiddelde debiteure}}{\text{Kredietverkope}} \times \frac{365}{1}$	$\frac{\text{Gemiddelde krediteure}}{\text{Kredietaankope}} \times \frac{365}{1}$	
$\frac{\text{Gemiddelde voorraad}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{365 \text{ of } 12}{1}$	$\frac{\text{Koste van verkope}}{\text{Gemiddelde voorraad}} \times \frac{365}{1}$	
Langtermynlenings **:** Eienaarsbelang	Totale bates **:** Totale laste	

Kopiereg voorbehou

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore